# RIGLYNE VIR BEGRAFNISSE IN DIE LANGEBERG MUNISIPALITEIT GEDURENDE COVID-19

LANGEBERG
MUNISIPALITEIT MUNICIPALITY MASIPALA

# INLEIDING

Op 15 Maart 2020, het die Minister van Koöperatiewe Regering en Tradisionele Sake, Dr Nkosazana Dlamini-Zuma, 'n Nasionale Ramptoestand afgekondig om op die globale COVID-19 pandemie te reageer.

In ooreenstemming met die regering se aangepaste Risiko Strategie is verskeie risiko-vlakke vervolgens bekend gemaak, waarvan elke vlak sy eie stel regulasies het. Hierdie is als gedoen om die verspreiding van die virus te bekamp.

Wat duidelik is van hierdie regulasies en aankondigings, deur regeringsleiers, is dat die wyse waarop ons oor ons geliefdes rou en hulle begrawe, verander het. Sosiale afstand is die nuwe normaal, nagwake word nie meer toegelaat nie en bywoning van teraardebestellings is beperk tot slegs 50 persone.

Die doel van hierdie gids is dus tweeledig. Aan die eenkant, is dit ontwikkel om families in rou te help om begrafnisse tydens inperking te reël en aan die anderkant, om stappe daar te stel, wat gevolg moet word wanneer iemand as gevolg van COVID-19 sterf.

Hierdie praktiese gids is 'n opsomming van die verskeie regulasies en regeringsvoorskrifte sowel as provinsiale omsendbriewe en riglyne wat deur die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes uitgereik is. Die aandag word daarop gevestig dat hierdie gids slegs van toepassing is op teraardebestellings wat binne die Langeberg munisipale areas, by enige van die 15 munisipale begraafplase plaasvind.

Dit is ontwikkel om te verduidelik hoe die Langeberg Munisipaliteit hul verpligtinge teenoor families in rou sal bestuur, sowel as hoe hul verantwoordelikhede ten opsigte van begrafnisreëlings en eraardebestellings gedurende inperking bestuur sal word.

# NAKOMING VAN DIE REGULASIES

Dit is belangrik dat beide families sowel as begrafnisondernemers hulself van die verskillende risiko-vlakke en die toepaslike regulasies vergewis. Hierdie regulasies mag verander wanneer die noodvlakke ook aangepas word. Dit sal beweging tussen provinsies, metropolitaanse areas en distrik munisipaliteite bepaal, asook waar om die vereiste reispermitte te bekom om na en van begrafnisse te reis.

Artikel 35 van die Regulasies: Noodvlak 3 Tydens die COVID-19 Inperking, stipuleer duidelik hoe teraardebestellings hanteer moet word:

> 35. (1) Beweging tussen provinsies, metropolitaanse areas of distrikte deur 'n persoon wat beoog om 'n begrafnis by te woon, is slegs toelaatbaar indien die persoon -
> (a) 'n eggenoot of eggenote van die afgestorwene is;
> (b) 'n kind of kleinkind van die afgestorwene is, ongeag biologiese-, aangenome-, stief- of grootmaakkind;
> (c) 'n aangetroude kind van die afgestorwene is;
> (d) 'n ouer van die afgestorwene is, ongeag biologiese -, aangenome- of stiefouer;
> (e) 'n sibbe van die afgestorwene is, ongeag biologiese-, aangenome- of stiefbroer of -suster; of
> (f) 'n grootouer van die afgestorwene is.
>
> (2) Bywoning van 'n begrafnis word beperk tot 50 persone en dit word nie 'n verbode byeenkoms geag nie.
>
> (3) Nagwake is verbode.
>
> (4) Tydens 'n begrafnis moet alle gesondheidsprotokol en sosiale afstandsmaatreëls nagekom word, sodat mense, by die begrafnis teenwoordig, se blootstelling aan COVID-19 beperk word.
>
> (5) Elke persoon, ongeag of hy/sy alleen reis, wat 'n begrafnis wil bywoon en wat tussen metropolitaanse areas, distrikte of tussen provinsies moet reis, moet 'n permit, wat grootliks ooreenstem met Vorm 4 van Bylaag A, vanaf sy/haar naaste magistraatskantoor of polisie-stasie bekom, om na en van die begrafnis te reis.
>
> (6) Die Hoof van die Hof, of 'n persoon deur hom of haar aangewys, of 'n Stasie-bevelvoerder van 'n polisie-kantoor, of 'n persoon deur hom of haar aangewys, mag die permit, om na 'n begrafnis te reis, uitreik.
>
> (7) Met 'n versoek om 'n permit vir die bywoning van 'n begrafnis te bekom, moet 'n persoon wat die permit aanvra, 'n doodsertifikaat, of a gewaarmerkte afskrif daarvan, aan die Hoof van die Hof, of 'n persoon deur hom of haar aangewys, of die Stasie-bevelvoerder van 'n polisie-kantoor, of 'n persoon deur hom of haar aangewys, voorsien.
>
> Indien 'n doodsertifikaat nog nie beskikbaar is nie en die begrafnis moet, in lyn met kulturele of godsdienstige praktyke, binne 24 uur plaasvind, moet die persoon wat die permit aanvra, 'n beëedigde verklaring aflê wat met Vorm 5 van Aanhangel A ooreenstem, en ook 'n brief van 'n kulturele of godsdienstige leier voorsien waarin die behoefte vir die begrafnis om binne 24 uur plaas te vind, bevestig word.

*(8) Op voorwaarde dat die gesondheidsprotokol en sosiale afstandmaatreëls nagekom word, mag slegs twee familie-lede van die afgestorwene, met die vereiste permitte, in die voertuig reis wat die oorskot van die afgestorwene na die metroplitaanse area, distrik of provinsie waar die begrafnis plaasvind, vervoer, mits die afgestorwene se oorsaak van dood nie COVID-19-verwant is nie.*

*(9) Die bepalings van Regulasie 43 moet streng nagekom word tydens reise.*

*(10) 'n Afskrif van die uitgereikte permit en doodsertifikaat, of 'n beëedigde verklaring afgelê, moet veilig deur die Hoof van die Hof, of stasie-bevelvoerder van 'n polisie-stasie, vir rekord-doeleindes bewaar word, vir 'n tydperk van drie maande, nadat die Nasionale Ramptoestand beëindig is, waarna dit vernietig mag word.*

*(11) Alle vorms moet volledige voltooi word, insluitende volle name, identiteits- of paspoortnommers en volle kontakbesonderhede, soos in die vorms vereis.*

*(12) 'n Vorm wat, ingevolge Sub-artikel 11, nie volledige voltooi is nie, is ongeldig.*

Dit is die verantwoordelikheid van families en begrafnisondernemers om te verseker dat hierdie regulasies nagekom word en dat daar met die polisie en wetstoepassers saamgewerk word.

Terwyl hierdie regulasies op alle teraardebestellings van toepassing is, spreek Voorskrif 8G van die Voorskrifte Om Die Verspreiding Van COVID-19 Aan Te Spreek, Te Voorkom En Te Beveg, uitgereik deur die Departement van Gesondheid in Regeringskennisgewing 457 Van 2020, spesifiek begrafnisse aan van mense wat as gevolg van COVID-19 gesterf het.

# BEGRAAFPLASE

Soos vroeër gemeld, is hierdie riglyne slegs van toepassing op teraardebestellings en begrafnisse wat in die Langeberg munisipale areas plaasvind.

**Daar is 15 begraafplase in die munisipaliteit en terwyl kapasiteit mag verskil, is daar geen begraafplaas spesifiek geoormerk vir diegene wat weens Covid-19 gesterf het nie.**

Families word aangemoedig om met hul verkose begrafnisondernemer saam te werk, en te verseker dat alle papierwerk ingedien is en betalings betyds gemaak word, om vertragings van hul onderskeie begrafnisreëlings te verhoed.

Families of begrafnisondernemers het  nie nodig om enige van ons kantore te besoek nie, maar word aangemoedig om  via e-pos of telefonies met die munisipaliteit kontak te maak.

Ondernemers moet ‘n betaling vir die graf in die Langeberg munisipale rekening (sien die aangehegte bankbesonderhede) via EFT maak, en die bewys van betaling en vereiste dokumentasie na bookings@langeberg.gov.za e-pos. Sodra hierdie betaling bevestig is, sal die betrokke oorsiener ‘n grafnommer toeken.

Ondernemers mag ook versoek dat ‘n graf, teen die goedgekeurde tarief, met ‘n laaigraaf toegegooi word, ten einde die hantering van gereedskap te verminder.

Roubeklaers mag ook self die graf toegooi, mits die grawe gereinig word, elke keer wanneer dit oorgegee word.

<table>
<tr><th>NAAM VAN FASILITEIT</th><th>LIGGING</th><th>KONTAK</th><th>KOSTE (BTW INGESLUIT)</th></tr>
<tr><td>Cogmanskloof Begraafplaas<br><br>Conradiedorp Begraafplaas<br><br>Silo's Begraafplaas<br><br>Zolani Begraafplaas</td><td>Cogmanskloof, Ashton<br><br>Ashton<br><br>Ashton<br><br>Zolani, Ashton</td><td>Esley Skade<br>023 615 8000</td><td rowspan="5">Uitbou van 'n enkel graf<br>Werklike koste + 20%<br><br>Uitbou van 'n dubbel graf<br>Werklike koste + 20%<br><br>Enkel graf<br>(deur Munisipaliteit gegrawe)<br>R602.00<br><br>Dubbel graf<br>(deur Munisipaliteit gegrawe)<br>R1,147.00<br><br>Enkel graf<br>(self gegrawe)<br>R175.00<br><br>Bou-permit<br>(Oprig van grafstene)<br>R289.00<br><br>Opening van grafte<br>R493.00<br><br>Toegooi van grafte<br>R493.00<br><br>Opening van grafte<br>(na-ure)<br>R1006.00<br><br>Toegooi van grafte<br>(na-ure)<br>R1006.00<br><br>Muur van Herinnering<br>(per nis)<br>R567.00</td></tr>
<tr><td>Dorp Begraafplaas<br><br>Nuwe Begraafplaas<br><br>Happy Valley Begraafplaas</td><td>Forest Straat, Bonnievale<br><br>Forest Straat, Bonnievale<br><br>New Cross Straat, Happy Valley, Bonnievale</td><td>Michiel Rabie<br>023 616 8000</td></tr>
<tr><td>McGregor Begraafplaas</td><td>Tindall Straat, McGregor</td><td>Selena Adonis<br>023 626 8200</td></tr>
<tr><td>Ashbury Begraafplaas (Oud en Nuut)<br><br>Golfbaan Begraafplaas<br><br>Buitekant Straat Begraafplaas</td><td>Muskadel Straat, Montagu<br><br>Montagu<br><br>Buitekant Straat, Montagu</td><td>Willem Mouries<br>023 614 8000</td></tr>
<tr><td>Droëheuwel Begraafplaas<br><br>Nqkubela Begraafplaas (Oud en Nuut)<br><br>White Street Begraafplaas</td><td>Heuwel Straat, Robertson Noord<br><br>Mabombo Straat, Nqkubela, Robertson<br><br>White Straat, Robertson Suid</td><td>Selena Adonis<br>023 626 8200</td></tr>
</table>

# WEGDOENING VAN MENSLIKE OORSKOT

Behalwe om die verskillende risiko-noodvlakke en gepaardgaande regulasies te ken en te verstaan, moet begrafnisondernemers hulself vergewis van die Voorskrifte Om Die Verspreiding Van COVID-19 Aan Te Spreek, Te Voorkom En Te Beveg, uitgereik deur die Departement van Gesondheid in Regeringsomsendbrief 457 van 2020, sowel as Hoofstukke 4, 5 en 6 van die Regulasies Op Menslike Oorskotte, Regulasies 363 van Mei 2013.

Terwyl die gewone praktyke van toepassing is wanneer iemand weens enige ander oorsaak sterf, handel Voorskrif 8 van die Voorskrifte Om Die Verspreiding Van COVID-19 Aan Te Spreek, Te Voorkom En Te Beveg, breedvoerig oor hoe die  menslike oorskot van iemand wat weens COVID-19 gesterf het, hanteer moet word.

Dit stel dit baie duidelik dat persone wat COVID-19 oorskotte hanteer, te alle tye geskikte persoonlike, beskermende klere moet dra, goeie persoonlike higiëne moet toepas en dat niemand die menslike oorskot te enige tyd moet aanraak of soen nie.

## Wanneer ‘n persoon tuis sterf

In geval waar ‘n persoon wat met COVID-19 besmet is, tuis sterf, stipuleer Voorskrif 8C dat familie-lede op geen stadium die liggaam moet hanteer nie.  Nood Mediese Dienste moet onmiddellik versoek word om die sterfte te bevestig, alvorens ‘n ondernemers die verwydering behartig. Daar is ook duidelike bepalings oor hoe die besittings van die ontslapene verwyder moet word, asook hoe dit gereinig moet word.

## ‘n COVID-19 natuurlike sterfte in die gemeenskap

Omsendskrywe 41 van 2020, uitgereik deur die Hoof van die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid op 30 Maart 2020, stipuleer watter stappe gevolg moet word wanneer iemand in die gemeenskap weens COVID-19 sterf:

*8.1. Nood Mediese Dienste (NMD) reik die doodsverklaring uit     .*

*8.2. SAPD voltooi die SAPD 180 vorm.*

*8.3. Die naasbestaandes word versoek om ‘n ondernemer opdrag te gee om die verwydering van die menslike oorskot te fasiliteer*

*8.4. Tydens die aanvanklike fase van die gesondheidsdienste-aksie word Forensiese Patologiese-dienste, op versoek van die ondernemer, ontbied om hulp te verleen met die dubbel-sakking van die menslike oorskot en dekontaminasie van die buitenste sak, sodat dit veilig vervoer kan word. Die ondernemer moet*
*tydens hierdie aksie teenwoordig wees om verantwoordelikheid te neem vir alle eiendom en waardevolle items. Die ontslapene word in die voertuig van die ondernemers van die toneel verwyder.*

*8.5. Die toepaslike Omgewingsgesondheidspraktisyn (OGP) in die munisipale distrik word ontbied, om te verseker dat die hantering van die menslike oorskot, deurgaans deur die proses, streng gemonitor word.*

*8.6. Die ondernemer kollekteer die menslike oorskot onder die toesig van die toepaslike OGP in die distrik waar die pasiënt gesterf het.*

# BEGRAFNISREËLINGS

Die munisipaliteit sal al sy verpligtinge nakom en alle families wat hierdie moeilike tye beleef, sover moontlik bystaan om te verseker dat alle reëlings sonder enige ontwrigting of oponthoud gemaak word.

Gedurende hierdie tyd, sal alle COVID19-verwante begrafnisse in die Langeberg munisipale area plaasvind binne 3 dae, soos deur die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid vereis. Vir ander begrafnisse, mag families hul keuse uitoefen om ‘n begrafnisdiens oor ‘n naweek te hou, mits alle gesondheidsvereistes, wat met die bestuur van die Regulasies op Begrafnisse verband hou, nagekom word.

Geen gemeenskapsale sal vir begrafnisdienste beskikbaar wees nie.

Vir die doel van  kontak-opsporing, moet ‘n bywoningsregister van alle roubeklaers, met volle name, ID-nommers en kontak-telefoonnommers bygehou word en aan die munisipaliteit voorsien word.

Die plaaslike SAPD-kantoor moet ingelig word van alle begrafnisdienste wat plaasvind.

**Die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid adviseer in Omsendbrief H49/2020, dat alle pogings aangewend moet word om "n afgestorwene wat weens bevestigde of vermoedelike COVID-19 gesterf het, binne drie dae te begrawe, mits daar geen aanduiding van ‘n na-doodse ondersoek is nie.  Voorskrif 8I van die Voorskrifte Om Die Verspreiding Van COVID-19 Aan Te Spreek, Te Voorkom En Te Beveg stipuleer dat nie-COVID-19 afgestorwe oorskotte binne tien dae na die sterfte-datum begrawe of veras moet word.**

In die geval van ‘n COVID-19-sterfte, beveel die Riglyne Vir Geval-Soeke, Diagnose, Bestuur En Openbare Gesondheidsreaksie in Suid Afrika, saamgestel deur die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes en die Nasionale Departement van Gesondheid,  sterk aan dat die oorskot veras word.

# DAG VAN COVID-19 BEGRAFNIS

Voorskrif 8E vereis dat ‘n begrafnisondernemer die afgestorwene se oorskot die oggend van die begrafnis moet aflewer en nie die aand vóór die begrafnis nie, en ook moet verseker dat die oorskot nie tydens die lykskouing aangeraak word nie.

Voorskrif 8G gee ‘n raamwerk van wat moet gebeur indien iemand weens COVID-19 te sterwe kom:

*(1) Verassing word hoog aanbeveel, indien ‘n persoon weens COVID-19 gesterf het.*

*(2) ‘n Teraardebestelling of verassing van die afgestorwe oorskot van ‘n persoon wat weens COVID-19 gesterf het, moet ingevolge die Regulasies op Menslike Oorskotte uitgevoer word.*

*(3) (a) Begrafnisdienste moet so kort as moontlik wees, maar mag nie twee ure oorskry nie, ten einde moontlike blootstelling te verminder.*
*(b) Roubeklaers moet fisiese afstand, tydens die begrafnisdiens handhaaf, sowel as daarna.*

*(4) Slegs nabye familie-lede moet ‘n begrafnisdiens van ‘n persoon wat weens COVID-19 of ‘n ander aansteeklike siekte gesterf het, bywoon.*

*(5) Vir die doel om die gesondheid van roubeklaers by ‘n begrafnis te beskerm, moet ‘n COVID-19 pasiënt nie ‘n begrafnisdiens bywoon nie, ongeag sy of haar familie-band met die ontslapene.*

*(6) Diegene met die verpligting om die liggaam in die graf of in die verassingsoond te plaas, moet handskoene dra en na afloop van die begrafnis, hul hande met seep en water was.*

Ons beveel sterk aan dat fasiliteite vir die was-van-hande beskikbaar moet wees by, beide die godsdienstige perseel waar die begrafnisdiens sal plaasvind, sowel as by die begraafplaas.

# SLOT

Hierdie gids was nooit bedoel om omvattend te wees nie. Soos in die inleiding gemeld, is dit bloot saamgestel om duidelike instruksies te gee oor hoe ons, in hierdie tyd, families in rou as 'n munisipaliteit sal bystaan, oor die nuwe reëlings vir teraardebestellings en begrafnisse tydens die inperking en oor hoe ons administratief sal optree.

Ons begryp dat die beplanning van 'n geliefde se begrafnis in hierdie onsekere tye vrees kan inboesem en met bykomende regulasies in plek, selfs verwarrend kan wees. Ons hoop dat hierdie gids u sal gerusstel en dat dit in eenvoudige terme verduidelik hoe u alles binne die raamwerk van die wet kan doen, asook hoe ons u kan bystaan om dit te vermag

**FORM 4**

**PERMIT TO TRAVEL TO ANOTHER PROVINCE/METROPOLITAN AREA/DISTRICT FOR A FUNERAL**

Regulations 18(5)

*(To be completed by the head of court or a station commander or a person designated by him or her respectively.)*

I,____________________________________*(full names of *head of court, or a person designated by him or her / station commander of a police station or a person designated by him or her)* for—

(a) the Magistrate's court for the district of __________________;

(b) the police station at _______________________________,

hereby issue this permit for travel to another district/province, to the following person:

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Full names: | | | | | | |
| Surname: | | | | | | |
| Identity number | | | | | | |
| Address of place of residence: | | | | | | |
| Province of residence: | | | | | | |
| Contact details: | Cell nr | | Tel No (h) | | e-mail address | |
| Metropolitan area/district travelling to: | | | | | | |
| Province travelling to: | | | | | | |
| Date of funeral: | | | | | | |

I also declare that the above-mentioned person presented the *death certificate/certified copy of the death certificate/affidavit to me.

Signed at_________________________this ____ day of _____________________ 2020.

___________________________________

**Person issuing permit*

*Official stamp*

**FORM 5**

**SWORN AFFIDAVIT BY PERSON WHO WISHES TO ATTEND A FUNERAL IN ANOTHER PROVINCE/METROPOLITAN AREA/DISTRICT**

Regulations 18(7)

***Note:* 1.** *A person giving false information on this affidavit shall be guilty of an offence and, on conviction, liable to a fine or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and imprisonment.*

2. *This affidavit may only be sworn to or affirmed at a magistrate's court or police station.*

I,

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Full names: | | | | | | |
| Surname: | | | | | | |
| Identity number | | | | | | |
| Address of place of residence: | | | | | | |
| Province of residence: | | | | | | |
| Contact details: | Cell nr | | Tel No (h) | | e-mail address | |
| District of funeral: | | | | | | |
| Province in which funeral will take place: | | | | | | |

Hereby declare under oath with regards to the deceased:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Names of deceased: | | | | |
| Surname of deceased: | | | | |
| Relationship/Affiliation to the deceased*(eg spouse/parent)* | | | | |
| I am not in possession of the death certificate for the reasons set out, and a copy of the letter from a cultural or religious leader is attached: | **Yes** | | **No** | |
| Date of funeral: | | | | |
| Province in which funeral will take place: | | | | |
| *City/town/village of funeral: | | | | |

***OATH/AFFIRMATION**

I,________________________________(full names), identity number ________________________________, hereby declare under *oath/affirmation that the above-mentioned information is true and correct.

Signed at____________________on this _____day of _____________2020.

________________________________________________

*Signature of person making affidavit*

**CERTIFICATION**

I hereby certify that before administering the *oath/taking the affirmation, I asked the deponent the following questions and noted *his/her answers in *his/her presence as indicated below:

(a) Do you know and understand the contents of the above declaration?

Answer: ________________

(b) Do you have any objection to taking the *oath/affirmation?

Answer: ________________

I Do you consider the *oath/affirmation to be binding on your conscience?

Answer: ________________

I hereby certify that the deponent has acknowledged that *he/she knows and understands the content of this declaration which was *sworn to/affirmed before me, and the deponent's signature was placed thereon in my presence.

Signed at_________________this_______day of____________2020__

*Justice of the Peace/Commissioner of Oaths

Full names: ________________________________________________

Designation: ________________________________________________

Business address: ________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

*Delete which is not applicable".